

OPERASIE SEEKOEI 1973

DIE sukses wat die museum twee jaar gelede behaal het toe daar in die Nasionale Krugerwildtuin gipsafdrukke van 'n volwasse olifantbul gemaak en daaruit weer 'n veselglasreplika van die dier geskep is, was die aansporing vir Operasie Seekoei 1973.

Dertien Blanke en ses Nie-blanke personeellede het vanaf 3 tot 17 Augustus deelgeneem aan die eerste fase van hierdie taak, wat met die vriendelike toestemming van die Nasionale Parkeraad weer te Skukuza plaasgevind het.

Gipsafdrukke is gemaak van drie seekoeie — 'n groot bul, groter koei en klein kalfie — asook 'n volwasse krokodil en die kop van 'n olifantbul. Die meegaande foto's illustreer sommige aspekte van die suksesvolle eerste fase van Operasie Seekoei.

Die tweede fase van hierdie ekspedisie, naamlik die maak van die veselglasreplika word tans by die museum onderneem deur ons kunstenaar, Sep Roos en sy helpers. Wanneer die veselglasseekoeie voltooi is, sal dit gebruik word in 'n dioramiese uitstalling terwyl die krokodil (sien foto elders in die nuusbrief) deel sal vorm van 'n nuwe uitstalling oor hierdie diersoort. Die kop van die olifant word aangepas om so 'n akkurate replika as moontlik te wees van dié van ou Hapoor, die beroemde ou trop-leier van die Addo-olifantpark wat 'n paar jaar gelede doodgeskiet moes word toe hy uit die reservaat ontsnap het. Hierdie replika word aan die Nasionale Parkeraad geskenk en sal eersdaags pryk in die restaurant van die Addo-wildtuin.

ONS DANK AAN

- Die Nasionale Parkeraad vir die vriendelike vergunning om gipsafdrukke te maak van hierdie diere wat as deel van die noodsaaklike uitdunningsprogramme geskiet is.
- Die baie vriende van die Nasionale Museum te Skukuza wat op verskeie maniere behulpzaam was.
- B.P. Suidelike Afrika (Edms.) Bpk. vir 'n donasie ter bestryding van die vervoer- en ander kostes van die ekspedisie.
- Exporama (Edms.) Bpk., fotografiese handelaars van Bloemfontein, vir rolprentfilms.
- Kodak (S.A.) (Edms.) Bpk., vir rolprentfilms.
- S.A. Brouery Bpk. vir bier.



Uitgeval in die splinternuwe nie-amptelike "uniforms" van die ekspedisie staan Sep Roos, Johan Reyncke en Hennie Beukes by een van die voertuie waarmee die reis na Skukuza afgelê is.



Mnr. Dave Theron (regs) Streksbestuurder van B.P. Suidelike Afrika (Edms.) Bpk. oorhandig 'n tjek van R500-00 aan mnr. Hannes Oberholzer, Direkteur van die Museum, as 'n bydrae tot die vervoerkoste en ander uitgawes verbonde aan die ekspedisie.

Mêer as 2 000 kg gips is gebruik om die afdrukke van die seekoeie, krokodil en olifantkop te maak.



Deur gate wat deur die rugstring van die seekoei geboor is, is spesiale metaalpenne gestee wat aan die onderkant van die werwelkolom vashaak. Deur middel hiervan is die dier opgelig en in 'n natuurlike staande houding gemonteer.



Alvorens die gipsafdrukke gemaak kan word moet die opgeheysde dier in 'n lewensgetroue houding staan.



Die seekocibul met 'n massa van sowat 2 000 kg klaar gemonteer. Daar is 580 kg gips gebruik om hierdie dier, wat 581 cm van bolp tot stertpunt meet, te bedek.



By die werksplek te Skukuza sit die span werkers en wag vir die aankoms van die tweede seekoei.



'n Belangstellende besöker posier met sy dootertjie by die seekoekoei wat in die oopbek-houding gemonteer is.



Die pens en binnekante van die pote van die agtmaande-oue seekoekalfie word geget.